Hoërskool Centurion
Tel: 012 664 5803 - Faks: 012 664 7969
info@hscenturion.co.za
Posbus 14054. Lyttelton. 0140
Cliftonlaan. Lyttelton. 0157

Mei 2017

RHOOTZ-REVUE 2017

Geagte Revue-ouers en leerders

Baie dankie dat u nog geduldig en opgewonde oor die revue is. Dankie dat u getrou u kinders vervoer en ondersteun.

Reëlings in verband met die laaste weke van revue 2017.

Dit is belangrik dat GEEN LEERDER tydens OPTREDES, KLEEDREPETISIES en MASSA-OEFENING afwesig kan wees nie.

Almal, personeelkorps ingesluit, weet dat dit twee veeleisende weke is wat voorlê. Dit is juis vir hierdie hoogtepunt waarvoor ons werk. Dit is wanneer die vrugte van ure se harde werk gepluk word.

Leerders kan nie die terrein verlaat tydens hierdie oefeninge en optredes nie.

Leerders word in waglokale ingedeel en opgepas. Hulle kan elke aand huiswerk doen, selfs speletjies speel en lees.

Baie dankie by voorbaat aan al die ouers wat as toesighouers optree. Indien u nog nie u naam opgegee het as toesighouer nie, kontak asseblief vir Leané Jordaan in die revue-kantoor.

Tydens hierdie aktiwiteite sal die kafeteria oop wees. Daar sal verversings soos tee, koffie, warm sjokolade en koeldrank beskikbaar wees. Ook kos soos kerrie en rys, *wraps*, burgers en vetkoek met maalvleis, sal verkoop word.

Massa-oefening: 6 Mei 2017

- Leerders meld 14:30 aan.
- Kostuums word uitgedeel.
- Geen leerder wat nie volledig betaal het nie sal kostuums ontvang nie.

- ‘n Ligte aandete word voorsien.
- Die hek word vir ons veiligheid gesluit.
- Die totale program word deurgewerk.
- Almal verdaag om 21:00 na opruiming.

Kostuums

- Alle leerders ontvang ‘n swart sak.
- Elke leerder bring ‘n hanger saam.
- Leerders is self verantwoordelik vir hul kostuums.
- Daar is geen ekstra kostuums nie.

Versorging van kostuums

- Moet onder geen omstandighede die kostuums was nie.
- Moet geensins aan kostuums sny, korter maak of enige ander veranderinge aanbring nie.
- Meld probleme by die revue-kantoor aan.

Rekwisiete

Daar is heelwat rekwisiete soos handskoene, maskers en andere. Dit word afgehaal by die rekwisietestoor voor die aanvang van die spesifieke item en weer persoonlik deur elke leerder teruggeneem na afloop van die item.

Skoene

Alle items neem deel in swart en/of wit (Mr Price) tekkies. Dit sal op massa-oefening gefinaliseer word. Daar mag geen strepe op wees nie.

Kougom

Enige leerder sal dadelik van die verhoog verwyder word indien hy/sy kougom kou.

Revue-periode: 9 Mei 2017

Alle revue-leerders kom skool toe in hul revue-klere: groen T-hemp, revue-baadjie, lang donker denim en swart tekkies. Alle skoolreëls vir hare, grimering en juwele geld.

Kleedrepetisies: 8 – 11 Mei 2017

17:30 – 20:45

17:00: Kostuumprobleme of herstelwerk – meld by die revue-kantoor aan.

17:30: Arriveer en meld aan in toesiglokale.

17:30: Trek kostuums aan en sit grimering aan. Grimeerlokaal is K9. Dogters moet tuis grimeer. Seuns kry ‘n poeierlaag ter wille van beligting.

18:00 Begin met program.

GEEN TOESKOUERS WORD TOEGELAAT NIE.

20:45: Verdaag na alle lokale opgeruim is en kostuums ingepak is.

GEEN leerder loop buite rond met kostuums nie. Dit is onprofessioneel. Leerders moet ‘n baadjie of jas bo-oor aantrek.

Fotodag: 9 Mei 2017
Tydens kleedrepetisie neem ons foto’s in K5. Na afloop van elke item gaan leerders in volle kostuum en rekwisiete na K5. Hare en grimering moet korrek wees. Elke groep moet ‘n onderwyser insluit. Na afloop van die foto moet rekwisiete teruggeneem word.

DVD’s
DVD’s kan bestel word teen R120-00 by me. R. van Zyl in kamer 26 of in die revue-kantoor. ‘n Minimum van 150 DVD-bestellings word vereis anders sal daar nie ‘n DVD beskikbaar wees nie.

Optredes
12 Mei tot 20 Mei 2017
Leerders meld elke aan om 18:00 aan en verdaag 21:30.

Almal tree in die finale item op en mag nie die terrein verlaat nie. Leerders moet ‘n revue-T-hemp, revue-baadjie, donker langbroek en swart tekkies aanhê. Dit is UV–item - dus geen kousbroeke nie, want die wit lig tel dit op.

Ons hoop dat u hierdie opwindende tyd saam met ons gaan geniet.

Revuegroete.



S. HATTINGH
PRODUKSIEBESTUURDER

W.C.J. BURGER
HOOF